



VOORBEREIDENDE EKSAMEN 2025

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

NASIENRIGLYNE

AFDELING A LETTERKUNDE**VRAAG 1 VERSKILLENDEN WAARSKUWINGS WAT GREG ONTVANG HET**

NR	ANTWOORD	PUNT
1.1	Die skootrekenaar was oop (1) Greg se lessenaar se laaie was oop (1) iets was op sy deur geskryf (1) (Enige Twee)	2
1.2	Daar was 'n boodskap/waarskuwing (1) in bloed (1) geskryf. OF Die woorde: "Jy en jou hacker buddy moet my uitlos" (1) was in bloed (1) op sy deur geskryf.	2
1.3	Niks is uit sy woonstel gesteel nie.	1
1.4	Die Baker	1
1.5	Tom is dood / Tom se liggaam was gevind / Tom is vermoor	1
1.6	Xander	1
1.7	Die aanhoudingselle	1
1.8	Die Baker	1
1.9	Dat sy pa (Chris Owen) nie veilig in die tronk is nie.	1
1.10	Die Dawid-beeld	1
1.11	Die Baker / Sebastian Stadler	1
1.12	"The doctor knows a lot of things about a lot of things. " / Die dokter weet baie goed / Die dokter weet alles	1
1.13	Leerder se opinie: iets soos, dat die Baker weet wat Greg doen. / Die Baker weet wat Greg en Xander beplan. (so iets)	1
		[15]

VRAAG 2 GREG SE UITDAGINGS

NR	ANTWOORD	PUNT
2.1	Ayla (1) Sy is Xander se nooi/meisie	2
2.2	Nicole (1) Sy was Greg se meisie op skool / Sy is Greg se eksmeisie	2
2.3	Paasnaweek	1
2.4	Haar baba (Collette)	1
2.5	Leuen: Xander en Nicole het gesoen (1) Waarheid: Xander was op Chris Owen se rekenaar / Xander het 'n vliegtuigkaartjie gekoop / Xander het Chris Owen se Voyager Miles gebruik. (1)	2
2.6	- Amerikaanse vloot (1), om kommunikasie te beskerm / geo locations van mense te kry (1) - NordVPN (1) en TOR (Onion router) (1) - Moet niks aflaai nie / maak seker jou kamera en mikrofoon is afgeskakel / Moenie skerms maximise nie / Disable Java en Flash / Moenie add-ons gebruik nie. - Hulle stuur 'n lokaas op die donker web uit.	2 2 2 1
		[15]

VRAAG 3 DIALOOG

NR	ANTWOORD	PUNT
3.1	Chris Owen is aangeval / aangerand / maar is nie dood nie. Chris Owen is met 'n skerp gemaakte tandeborsel gestee. (maar hy is nie dood nie) (1) Dok Pienaar is vermoor (1)	2
3.2	Nog net twee keer.	1
3.3	Ja, André Symington	1
3.4	Toe hy Paasnaweek vir sy pa kom kuier het.	1
3.5	Hulle wil hê hy moet eerder 'n besigheidsman wees. / Hulle dink Greg mors sy lewe deur Sportwetenskap te studeer. / Dit is 'n nuttelose graad om te hê.	1
3.6	Onrustige (1) dromer / rebel (1)	2
3.7	Greg het 'n foto van John (se foto) op sy selfoon geneem.	1
3.8	Ons geld is Trust-geld / in 'n trustfonds	1
3.9	Om sy koshuiskamer leeg te maak / op te pak.	1
3.10	Thomas Lawson (1) Hy het vir Greg gesê om nie sy brêe te verbrand nie (1)	2
3.11	Iemand het my (in die winkelsentrum) agtervolg / Iemand het foto's van my vir Greg (op Dropbox) gestuur.	1
3.12	Conrad Botes	1
		[15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL**Tema: VERRAAD, MOORD EN ONEERLIKE/SKELM KARAKTERS**

Inleiding**Paragraaf A: Xander Gericke se verraad.**

- Xander is as Eckart Wilken by Lawson Kollege bekend. (1)
- Xander het vir Greg leer kuberkraak. / Greg het kuberkrakery by Xander geleer. (1)
- Xander het 'n social enigieneering aanval op Greg Owen se gesin geloods (1). So het hy seker gemaak (verseker) dat die waarheid van Project Nursery Rhyme uitkom. / Chris Owen is tronk toe gestuur. (so iets) (1) (2)
- Om wraak te neem vir Xander pa se verdwyning / moord / teregstelling. / Blameer die Owen-gesin vir sy pa se dood. (1)
- Xander het Doxware gebruik om die Baker se planne / laboratoriums te vernietig. (1)

**Paragraaf B: Valkyrie - moordenaars**

- Greg het die naam Valkyrie die eerste keer in die notaboek/ gebrande boek teëgekom. (1)
- Valkyrie verwys na 'n Noorse mitologie / strydgodinne / vroulike geeste in die Noorse mitologie / hulle het besluit wie sou lewe en wie sou sterwe / word ook Walkures genoem / het toorkuns gebruik (enige gepaste twee) (2)
- Dit was Valkyrie se idee om die regter met 'n binneband te versmoor. / Valkyrie het besluit hoe Regter Gericke vermoor moet word. (1)
- Toe Valkyrie se snelboot teen Greg-hulle se boot getref het, (1) het Plank-hulle in die water geval. Valkyrie en haar handlangers het in die water geskiet en 'n koeël het Plank getref. (1) (2)



Paragraaf C: Die sluwe Dok Pienaar

- Dok Pienaar was die (voormalige) skoolhoof van Lawson Kollege. (1)
- Dok Pienaar het regter Gericke met 'n pistool geslaan. / Dok Pienaar het sy mans/mense na die regter se huis gestuur om hom te ontvoer. (1)
- Regter Gericke se liggaam/ lyk is in sakke toegebind. Gewigte aan sy enkels vaskgeketting en in 'n vliegtuig gesit. / Uit 'n vliegtuig gegooi / In die see gegooi (2)

Paragraaf D: Sebastian Stadler – Die grootste misleier

- Xander het die Baker/ Sebastian doodgeskiet. (1)
- Nee, ek dink nie Rian Trollip het selfmoord gepleeg nie. (1) Die Baker se mense het Rian Trollip in die tronk vermoor. / Die Baker het gereël dat Rian vermoor word. (1) (2)
- Omdat die Baker/ Sebastian se pa hom mishandel/ geslaan / misbruik het / Omdat die Baker/ Sebastian se pa vir hom geweld geleer het./ Sebastian/Baker het nooit liefde ervaar nie. (1)

**Slot****D6 RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II AFDELING A**

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne van die betrokke vraestel.</i>
STRUKTUUR EN TAAL (5)	KRITERIA
5 punte	Struktuur: Oorspronklike/ kreatiewe inleiding en slot; Feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Goeie inleiding en/ of slot; Feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding en/ of slot nie; Feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding en/ of slot nie; Opstel hortend en vloei nie . Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend . Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK**

1. Die nasienrubriek moet goed bestudeer en deurgaans geraadpleeg word.
2. As die kandidaat misgetas het of die opdrag verkeerd geïnterpreteer het, moet die kandidaat streng gepeenaliseer word ten opsigte van inhoud. Taal moet egter normaalweg geassesseer word.

Voorbeeld: Artikel

Inhoud, beplanning en formaat	G	6	(uit 12)
Taal, style n redigering	G	4	(uit 18)
		10	(uit 20)

3. **Die neerskryf van punte:** Gebruik die korrekte rubriek vir elke skryfstuk. Assesseer die kandidaat se skryfstuk volgens die kriteria en vlakke van die rubriek.

Skryf die punte soos volg neer:	Inhoud:	G	6
	Taal:	G	4
			10

Halfpunte word na die eindtotaal oorgedra en daar afgerond.

4. Vraag 6: die punt moet deur 2 gedeel word om die total uit 10 te laat reflekteer en te laat tel, bv. $13 \div 2 = 6\frac{1}{2}$

10

5. Die volgende simbole moet tydens die assessering van die skryfstuk gebruik word:

SIMBOOL	BESKRYWING	VERDUIDELIKING
//	Dubbelstrepie aan die begin van sin dui die begin van 'n nuwe paragraaf aan	Nuwe paragraaf
interresant	Strepie onder die woord	Spelfout
×	Kruisie oor woord	Foutiewe woord
()	Hakies	Foutiewe woordorde
^	Weglaatteken	Woord(e)/leesteken uitgelaat
T (in kantlyn)	Hoofletter T	Tyd verwarrend/foutief gebruik
?/r (in die kantlyn)	Groot vraagteken/kronkelstreep	Onduidelik/onverstaanbaar
enough	Kring om woord	Engelse woord
hh	Dubbele h	Herhaling
Skryf die hoofletter of komma in		Hoofletter/komma/punt

VRAAG 5 BLOGINSKRYWING**Situasie:**

Jy is 'n tiener met belangstelling in kuberveiligheid. Skryf 'n **bloginskrywing** waarin jy ondersoek instel op die invloed van die **donker web** op jongmense.

Opdrag:

Skryf 'n bloginskrywing waarin jy die donker web bespreek. Fokus op die volgende kolpunte:

- Wat is die donker web en waarvoor gebruik mense dit?
- Watter reëls behoort gebruikers te volg om hul identiteit op die donker web te beskerm?
- Wat is die gevare van die donker web en watter gevolge kan dit vir gebruikers inhou?
- Hoekom, dink jy, is die donker web positief of negatief? Motiveer jou mening.

VRAAG 6 E-POS**Situasie:**

Jy doen aansoek om by 'n tersiêre instansie te studeer.

Opdrag:

Skryf 'n e-pos aan die fakulteit waar jy aansoek doen:

- vertel watter kursus jy wil doen en waarom jy die kursus wil doen;
- vertel van jou belangstellings en doelwitte;
- verduidelik hoekom dit goed vir die fakulteit sal wees om jou toe te laat om die kursus te doen.

Aan: _____

Onderwerp: _____

=====

Liewe Tom (*vriend se naam*)

Groete

(*Jou naam*)

D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B**VRAAG 5: 20; VRAAG 6: 20 ÷ 2**

KRITERIA	UITSONDERLIK					KNAP			VOLDOENDE					ELEMENTÊR				ONVOLDOENDE						
INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR	12	11½	11	10½	10	9½	9	8½	8	7½	7	6½	6	5½	5	4½	4	3½	3	2½	2	1½	1	½
	100%	96%	92%	88%	83%	79%	75%	71%	67%	63%	58%	54%	50%	46%	42%	38%	33%	29%	25%	21%	17%	13%	8%	4%
1. Respons en idees	1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees ; skryfstuk behou fokus.					1. Goeie hanteling van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees ; skryfstuk behou fokus.			1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.					1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees ; kom nie by die punt uit nie.				1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting .						
2. Organiserings van idees; vloei van leesstuk	2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloei van teks .					2. Goeie samehang van idees en teks vloei .			2. Leesstuk minder vloeiend .					2. Leesstuk hortend .				2. Leesstuk baie onsamehangend .						
3. Struktuur – Inleiding, slot, parafering (12)	3. Struktuur gepas .					3. Struktuur gepas .			3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute .					3. Struktuur toon ernstige foute .				3. Struktuur onvanpas .						
TAAL, TOON EN STYL	8	7½	7	6½	6	5½	5	4½	4	3½	3	2½	2	1½	1	½								
	100%	94%	88%	81%	75%	69%	63%	56%	50%	44%	38%	31%	25%	19%	13%	6%								
1. Toon, register, styl.	1. Toon en register in die kol .					1. Toon en register effektief .			1. Toon en register gepas .					1. Toon en register nie altyd gepas nie .				1. Toon en register onvanpas .						
2. Grammatika	2. Grammatika feitlik foutvry , puik woordeskat ; lees vlot; puik kommunikasie ; geen tweede lees nodig nie .					2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat ; enkele ernstige foute; kommunikasie goed . Lees maklik .			2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie ; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.					2. Taalfoute belemmer betekenis ; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.				2. Besaai met taalfoute ; betekenis verwarrend ; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korrigeer.						